AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

Beste Graad 12-leerder

In hierdie vak leer jy hoe Afrikaans gebruik word. Die klem val op die vaardighede luister en praat, lees en kyk asook skryf en aanbied. Jy gaan ook nuwe Afrikaanse woorde leer en leer hoe sinne in Afrikaans gevorm word..

Vakvereistes

Jy het die volgende nodig vir die vak:

- 'n Goedgekeurde taalhandboek
- 'n Voorgeskrewe werk (kortverhale of poësie of 'n novelle of 'n eenbedryf)
- Skryfboeke vir Skryfwerk, Taal en Voorgeskrewe
- 'n Tweetalige woordeboek
- Leesstof (koerante, tydskrifte, ens.)

Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n kontrolelys wat jy moet gebruik om te verseker dat jy al die Graad 12-inhoud gedek het.

Leesbegrip en Opsomming

- Leesstrategieë: soeklees, vluglees en herleesvan leesteks
- Inhoud van die teks
- Hoofidees en tema
- Woordbetekenis

Taal in konteks

- **Woordeskat en taalgebruik**

- Figuurlike taal en retoriese middels
- Denotasie en konnotasie
- Voorvoegsels en agtervoegsels
- Idiomatiese uitdrukkings, idiome en spreekwoorde
- Homofone, homonieme, sinonieme en antonieme
- Een woord vir 'n omskrywing
- Afkortings, verkortings en akronieme

- **Sinstrukture**

- Lydende vorm en ontkennende vorm
- Direkte en Indirekte rede
- Woordorde
- Sinsoorte
- Verbindingswoorde
- Woordsoorte

- **Kritiese taalbewustheid**

- Gevoelstaal, oorredende taal, partydigheid, manipulerende taal
- Hoe taal en beelde waardes en houdings reflekteer / oordra / weergee en vorm
- Beelde en taal wat seksisties, partydig, ouderdomdiskriminerend is en stereotipes versterk
- Die impak en gebruik van lettertipes en lettergroottes
- Ontleding, interpretasie, evaluering en respons op die spotprent of strokiesprent
- Denotasie en konnotasie

Langer Transaksionele Tekste

Afhangende van die voorgeskrewe werk wat julle bestudeer, sal die fokus op die volgende val:

- Intrige, tema, boodskap, karakterisering en agtergrond
- Die kenmerke van kortverhale/ die novelle / die drama
- Hoe karakters, agtergrond en die gebruik van woorde die boodskap en tema ondersteun
- Beeldspraak en stylfigure

Opstelle

Verhalende opstel en die Beskrywende opstel

Langer Transaksionele Tekste

Vriendskaplike brief / formele brief (versoek / klagte / aansoek / bedanking / gelukwensing / simpatie) kort verslag / resensie / toespraak / dialoog

Korter Tekste

Advertensie / dagboekinskrywings / plakkaat / uitnodigingskaartjie / instruksies / aanwysings / strooibiljet / Kort teksboodskap (SMS), naamlik: WhatsApp, Facebook Messenger, ens.

Assessering

Skoolgebaseerde Assessering bestaan uit:

- 1 toets: **40 punte**
- 2 eksamens (of 1 eksamen + 1 toets) Halfjaareksamen: **120 punte**

OF

- Halfjaartoets: **40 punte**
- Voorbereidend: **200 punte**
- 1 skyftake (opstel): **40 punte**
- **Totaal: 400 ÷ 4 / 320 ÷ 3.2** **100 punte**

Die **jaareindeksamen** bestaan uit 3 vraestelle:

- **Vraestel 1**: Begrip, Opsomming enTaal: **80 punte**
- **Vraestel 2:** Letterkunde **40 punte**
- **Vraestel 3**: Skryf (Opstel, Lang en Kort transaksionele tekste): **80 punte**
- **Vraestel 4:** Mondeling **100 punte**
- **Totaal** **300 punte**

Wenke vir sukses

- Lees gereeld berigte, artikels, resensies, spotprente en rubrieke in Afrikaanse koerante en tydskrifte.
- Lees elke dag ten minste 500 woorde en skryf ten minste 250 woorde in Afrikaans.

SKANDEER MY!
Afrikaans Oorsig

DBO Selfstudiegids: Kritiese Taalbewustheid
https://wcedeportal.co.za/eresource/172656